**Landbouweekblad 29 Julie 2016**

## PLUIMVEE | Astral sal produksie moet inkort

Duur voer, groot hoeveelhede ingevoerde hoendervleis en die druk waaronder verbruikers is, plaas groot druk op plaaslike hoenderprodusente.

Die genoteerde produsent Astral sê in 'n verklaring op Sens, die JSE se nuusdiens, dat hy produksie sal moet afskaal.

Mnr. Chris Schutte, uitvoerende hoof, sê die invloed van bogenoemde drie faktore was in Astral se derde kwartaal, wat op 30 Junie geëindig het, erger as wat vroeër verwag is.

Voerkoste sal na verwagting bly styg totdat verwagtinge vir 'n beter mielie-oes in die produksiejaar 2016-'17 'n werklikheid word. Die Astral-groep het 'n invoerprogram vir mielies om die risiko van tekorte te versag en ook as teenwig teen die voortdurende styging in die plaaslike mielieprys.

Schutte sê die bedryf beleef verder rekordvlakke van hoendervleisinvoer, terwyl daar reeds 'n ooraanbod in Suid-Afrika is. Dit, tesame met 'n verbruikersmark wat onder druk is, druk verkoopspryse af en dwing die groep om verder in sy produksieketting af te skaal sodat die voorraad op 'n bestuurbare vlak kan wees en die situasie van 'n ooraanbod só kan aandag kry.

"Die invloed van die beoogde produksie-inkorting sal ongelukkig 'n nadelige invloed op die werkmag hê omdat hulle minder ure sal werk."

Schutte sê daar is middelgroot tot groot, onafhanklike pluimveeprodusente wat in erge finansiële nood is en besig is om toe te maak of in sakeredding geplaas word. As daar nie verligting kom wat een van die sleutelbydraers tot die situasie betref nie, sal Astral verdere afskaling in produksie moet oorweeg. – CARIEN KRUGER